


# UITNODIGING OM AAN 'N NAVORSINGSTUDIE DEEL TE NEEM


## oor stuifmeelallergie en respiratoriese gesondheid in Suid-Afrika

**Titel van die studie: Blootstelling aan biologiese allergene en lugbesoedeling onder klimaatsveranderingstoestande binne gemeenskappe in Suid-Afrika**


**Haal maklik asem: Verstaan stuifmeel/skimmelspore en lugkwaliteit**




Amaranthaceae stuifmeel



Ambrosia stuifmeel



Grasstuifmeel


### Verstaan stuifmeelallergie


Stuifmeel, 'n fyn, geel poeier wat plante maak wanneer hulle voortplant, kan allergieë veroorsaak wat lei tot simptome soos nies en jeukerige oë. Spore van skimmel en roes, beide binnens- en buitenshuis, kan ook allergieë veroorsaak. Kennis van hierdie allergieë is van kardinale belang in gebiede soos Potchefstroom en die Vaaldriehoek waar natuurlike en industriële elemente met mekaar in aanraking kom en wat erg deur lugbesoedeling geraak word.

### Gesondheidsrisiko's

Stuifmeelallergieë kan toestande soos asma en hooikoors vererger wat ons daaglikse lewens beïnvloed. Eenvoudige stappe soos om binnenshuis te bly op dae met hewige stuifmeel kan help om simptome te bestuur. Om bewus te wees van skimmels in openbare geboue soos skole en hospitale kan as motivering vir opknappings dien om sodoende gesondheidsrisiko's te vermy.

### Persoon met hooikoors









**Jeukerigheid**
**Niesery**
**Waterige oë**
**Toe, jeukerige neus**

(Public Domain-Wikimedia Commons)



## Die rol van besoedeling

Ons streek se nywerheidsaktiwiteite stel besoedelingstowwe vry wat luggehalte verswak wat diegene met stuifmeelallergieë beïnvloed. Bewustheid en voorsorgmaatreëls kan ons gesondheid beskerm.

## Die gekombineerde kragte van stuifmeel en besoedeling

Die kombinasie van hoë besoedeling en stuifmeelvlakke kan gesondheidsrisiko's verhoog bv. asma. Die monitering van luggehalte en voorkomende maatreëls is belangrik om gesond te bly.



Die gebied rondom Johannesburg en Pretoria in Suid-Afrika toon die hoogste vlakke van stikstofdioksied in die Suidelike Halfrond (Public Domain-Wikimedia Commons)

## Sluit aan by ons veldtog!

Ons kweek nie net bewusmaking nie; ons neem aksie! Sluit aan by ons studie om plaaslike allergeenwekkende stuifmeel en spore in Potchefstroom, Vanderbijlpark en Sharpeville te meet. Neem deel aan ons gratis velpriktoets om jou stuifmeelallergieë te identifiseer en te leer hoe om dit te bestuur.

## Waarom moet jy deelneem?

Ons beplan om die allergenisiteit van die mees algemene stuifmeel- en swamspore in die lug te ontleed en sal velpriktoetse uitvoer om vir die allergenisiteit te toets. Hierdie studie sal in Sharpeville, Vaalkampus/ Vanderbijlparkkampus/Vaaldriehoek-lugskuurprioriteitgebied/Potchefstroomkampus gedoen word en sal deur ervare gesondheidsnavorsers wat in Allergologie en Kliniese Immunologie opgelei is gedoen word. 'n Somtotaal van 4000 deelnemers sal in die studie ingesluit word.

- **Ontdek:** Vind uit watter stuifmeel jou allergieë veroorsaak.
- **Leer:** Kry persoonlike wenke om blootstelling te verminder.
- **Dra by:** Help ons om plaaslike allergeenvlakke vir gemeenskapswye voordele te karteer.

## Wie kan deelneem

Enige student en personeellid van die Noordwes-Universiteit op die Potchefstroom- en Vanderbijlparkkampusse asook inwoners in Sharpeville kan deelneem as jy 18 jaar en ouer is. Jy sal ongelukkig nie kan deelneem as jy onbeheerde asma, swak longfunksie, onlangse anafilaktiese reaksie of urtikaria of atopiese dermatitis (velontsteking) het nie.

## Risiko's, voordele en verdienste

Die velpriktoetse kan 'n geringe allergiese reaksie veroorsaak, maar die gesondheidswerkers sal eers enige risiko's nagaan voordat jy hierdie toets ondergaan. Jy sal 'n gratis allergietoets kry wat jou R500.00 sou gekos het en jy sal dadelik weet of jy spesifieke allergieë het. Jy kry verversings en 'n NWU-pen om dankie te sê vir jou moeite. Dit sal ongeveer 60 minute neem om deel te neem (velpriktoets & vraelys).

## Waar en wanneer kan jy deelneem?

Indien jy belangstel stuur asb. 'n boodskap aan Me Keneilwe Podile (keneilwe.podile01@gmail.com).

Die datum en tyd wanneer ons die velpriktoets kan doen sal aan jou gekommunikeer word.

Jou deelname is deurslaggewend vir 'n gesonder toekoms. Saam kan ons Suid-Afrika 'n beter plek maak om asem te haal en te leef.

Kom ons neem standpunt in teen stuifmeelallergieë en besoedeling. Sluit aan by ons studie en neem die eerste stap na 'n gesonder lewe in die Vaaldriehoek.